Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 19 Dec 2017
Page: 12

AVE: 15409.05
Circulation: 7783
Part: 1 of 1



# SA atlete wys hul talent

## Naellopers maak SA weer trots

Wim Pretorius

Ná Suid-Afrika se veldtog by die 2016 Olimpiese Spele in Rio de Janeiro, was die hoop op sukses en die opgewondenheid oor 2017 bitter hoog.

Die plaaslike atlete is besig om hul stemme dik te maak en aan die wêreld te verkondig dat iets aan die broei is onder Suid-Afrikaanse atlete.

Ja, dis dalk nie tot die mate wat Atletiek Suid-Afrika (ASA) ondersteuners van wil oortuig nie, maar spesifiek die land se naellopers het deurlopend vanjaar die oog getref.

ASA se Spoedreeks wat tussen Februarie en Maart in Durban, Bloemfontein, Potchefstroom en Germiston gehou is, het vir vele opwinding gesorg met 'n sterk (maar tog nie eerste keuse) 4x100 m-mansaflosspan wat 38.47 sek. gehardloop het om naby aan die Suid-Afrikaanse rekord te kom.

Chris Harmse is vir die 22ste agtereenvolgende keer as die Suid-Afrikaanse kampioen in die hamergooi gekroon – 'n wêreldrekord.

Die 19-jarige Gift Leotlela het vir 'n groot skok gesorg toe hy vir Wayde van Niekerk tydens die reeks in die 100 m geklop het. Sy uitslag en tyd sal ongelukkig nooit amptelik aangeteken kan word nie, met die organiseerders wat drooggemaak het en nie die stophorlosie gestel het nie. Leotlela moes toe met die handtyd tevrede wees.




Wayde van Niekerk vier sy goue medalje in die 400 m by die IAAF se Wêreldkampioenskap in Londen.
Foto: GALLO IMAGES

Die Olimpiese silwermedaljewenner Luvo Manyonga het die Afrika-rekord twee keer laat tuimel en was loshande die beste in sy item in die wêreld. Hy het die Suid-Afrikaanse titel (met net een sprong) verower en daarna die Wêreldtitel en Diamantliga-reeks se titel agter sy naam geskryf. Sy spanmaat Ruswahl Samaai het ook uitgeblink en die bronsmedalje in Londen verower en die silwermedalje by die nasionale kampioenskap sowel as by die Diamantliga.

Van Niekerk het op sy wêreldrekord in Rio voortgebou deur dié slag homself veelsydig te hou.


Hy het die eerste atleet geword om die 100 in onder 10 sek., 200 in onder 20 sek., 300 in onder 31 sek. en 400 in onder 44 sek. te hardloop.

Hy het die Suid-Afrikaanse rekord in die 200 m verbeter, Michael Johnson se 300 m-wêreldrekord aan flarde genael en die voorste tyd in die wêreld in die 400 m op die stophorlosie geplaas.

Ondanks die belowende peil deur Isaac Makwala van Botswana en Fred Kerley van Amerika, het Van Niekerk sy 400 m-wêreldtitel in Londen by die IAAF se Wêreldkampioenskap verdedig en ook die silwermedalje in die 200 m verower.

Caster Semenya het in haar landgenote se spore gevolg en is as die nasionale kampioen in die 800 m gekroon voordat sy in die item ook die wêreldtitel gewen het in die voorste tyd op die wêreldranglys. Sy het ook brons in die 1 500 m verower en tydens die Diamantligatreeks die 800 m-titel gewen.

Akani Simbine het die jaar soos 'n koeël uit 'n geweer begin en vir 'n geruime deel van die jaar in 9.92 die voorste tyd in die wêreld in die 100 m gehou, voordat Christian Coleman van Amerika (9.82), Yohan Blake (9.90) en Julian Forte (9.91) van Jamaika hom eindelik verbygesteek het.




Soos 'n arend! Luvo Manyonga vlieg deur die lug op pad na sy goue medalje in die verspring in Londen. Foto: GALLO IMAGES




Caster Semenya hardloop die voorste tyd in die wêreld in die 800 m om goud in Londen te verower. Foto: GALLO IMAGES

Simbine het die eerste Suid-Afrikaner tot dusver geword om die 100 m tydens die Diamantliga-reeks te wen toe hy in Doha geseëvier het met onder andere die uiteindelike wêreldkampioen, Justin Gatlin van die VSA, wat in sy hakskene moes vaskyk.



Akani Simbine en Thando Roto in 'n taai wedloop gewikkel by die nasionale kampioenskap in Potchefstroom.
Foto: GALLO IMAGES

Hy en die 22-jarige Thando Roto het by Tuks se L.C. de Villiers-stadion geskiedenis gemaak deur vir die eerste keer twee Suid-Afrikaners in een lopie te hê wat die 100 m in onder 10 sek. kon kafdraf.

Sunette Viljoen is vanjaar deurlopend deur 'n rugbesering gekniehalter en kon nie tot haar volle potensiaal deelneem nie, ofskoon sy 63.49 m gegooi het om weer as die nasionale spiesgooikampioen gekroon te word.

Die jaar sal egter in die geskiedenis onthou word as een van verspeelde kanse.

ASA het buitengewoon hoë standaarde aan sy atlete gestel het om vir die Wêreldkampioenskap in Londen te kwalifiseer en dit het 'n demper op die span se uitslae geplaas nadat verskeie atlete wat die IAAF se vereistes gehaal het, met Jan Tuisbly se kar moes ry.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.